

TOWN COUNCIL OF SASOLBURG - 21/09/93

DIE POSISIONERING VAN SASOLBURG IN 'N TOEKOMSTIGE STREEKSBEDELING

Die Stadsraad van Sasolburg is eenparig ten gunste van die posisionering van Sasolburg in die Oranje-Vrystaat en sy voorkeur vir die insluiting van ons dorp by die Oranje-Vrystaat berus in hoofsaak op die volgende oorweginge:

- 1 Sasolburg is die hoofsetel van die Noord-Vrystaat Streekdiensteraad en die Stadsraad van Sasolburg tree as hoofagent van die SDR op. Indien Sasolburg in 'n streeksbedeling by Transvaal of die PWV-gebied ingedeel word, sal die hoofsetel en hoofagentskap van die SDR elders na die Noord-OVS moet verskuif. Vir Sasolburg sal dit 'n groot verlies wees en wel om die volgende redes:
 - 1.1 Die Stadsraad verhuur kantore en ander fasiliteite aan die SDR. As hoofagent lewer die Stadsraad ook 'n reeks dienste aan die SDR. Die inkomste wat die Stadsraad en derhalwe ook die gemeenskap daaruit toeval en die meer effektiewe aanwending van raadsgeriewe en lewering van dienste op 'n gesamentlike basis met die SDR sal verdwyn. Daar is spesifieke personeel op die diensstaat van die Stadsraad aangestel wie se dienste en die koste daarvan met die SDR gedeel word. Indien die SDR na 'n ander dorp verskuif, sal die Stadsraad die volle arbeidskoste van hierdie personeel moet dra wat dan addisionele koste vir die plaaslike gemeenskap sal meebring.
 - 1.2 Die besondere verbintenis tussen die Raad en die SDR en goeie onderlinge verstandhouding wat oor 'n tydperk opgebou is in belang van plaaslike bestuur in Sasolburg en die Noord-OVS sal verlore gaan.

1.3 Dit/...

- 1.3 Dit sal ontwrigting vir die SDR meebring wat in 'n ander dorp moet gaan hervestig en van vooraf 'n nuwe verbintenis en verstandhouding met 'n nuwe hoofagent moet vestig wat tot gevolg kan hê dat die SDR sy personeelkomponent moet vergroot. Dit kan weer daartoe lei dat die SDR-heffings verhoog sal moet word. Vir Sasolburg sal die verskuiwing van die SDR ook ontwrigtend wees omdat Sasolburg by 'n ander SDR in Transvaal sal moet inskakel en Sasolburg, ondanks die groot omvang van sy bruto geografiese produk, een van die kleinere en minder belangrike dorpe in 'n Transvaalse SDR-bedeling sal wees..
- 1.4 Die personeel van die SDR wat in Sasolburg gevestig is, sal die dorp moet verlaat.
- 1.5 Koopkrag voortspruitend uit die plaaslike hoofsetel van die SDR sal vir Sasolburg verlore gaan. Koopkrag wat die dorp vanuit die Noord-OVS ingebring word as gevolg van die feit dat die SDR-hoofkantoor hier gevestig is, sal ook verbeur word.
- 1.6 Word Sasolburg by Transvaal ingedeel en veral in 'n PWV-streek is dit geheel en al nie moontlik dat Sasolburg as hoofagent van 'n SDR aangewys kan word nie omdat Sasolburg in so 'n bedeling een van die kleinste plaaslike owerhede sal wees.
- 2 Indeling van Sasolburg by 'n Transvaalse SDR hou vir Sasolburg ook bepaalde nadele in. Dit is bekend dat die Noord-Vrystaat SDR een van die weinige SDR'e is, indien nie die enigste een nie, wat sedert sy instelling in 1989 nie sy heffings verhoog het nie. Die vernaamste redes daarvoor is dat die Noord-Vrystaat SDR sedert sy instelling, anders as ander SDR'e, nie sy funksies en bevoegdhede wesenlik uitgebrei het nie en steeds met slegs 'n kerngroep personeel funksioneer.

Plaaslike/...

Plaaslike nywerhede, sake- en ander ondernemings sal in 'n streekindeling by Transvaal aan hoër SDR-heffings blootgestel wees.

- 3 Dit mag selfs wees dat Sasolburg as deel van 'n PWV-streek hom midde-in 'n metropolitaanse plaaslike regeringsvorm mag bevind. Konsepte wat tans oorweeg word, sal waarskynlik tot gevolg hê dat metropolitaanse plaaslike regerings (wat SDR'e sal vervang) met uitgebreide funksies/bevoegdhede naas vermoedelik gedegradeerde plaaslike owerhede sal funksioneer. Sasolburg sal in so 'n bedeling totaal op die agtergrond geskuif word en kan dit nie vir Sasolburg enige voordeel inhou nie - inteendeel, dit kan net tot nadeel van veral die nywerheidsektor in Sasolburg wees. Sedert die ontstaan van Sasolburg is daar op plaaslike bestuursgebied en op provinsiale owerheidsvlak in die OVS besondere verhoudinge met veral die plaaslike nywerhede opgebou wat in 'n nuwe streek benadeel sal word.

- 4.1 Op die gebied van plaaslike regering en administrasie speel Sasolburg 'n leidende rol in die OVS en in die besonder in die Noord-OVS. Soos reeds vermeld, tree Sasolburg as hoofagent van die Noord-Vrystaat SDR op. Amptenare van die Stadsraad van Sasolburg tree ook as adviseurs vir die OVS Munisipale Vereniging op. Daarbenewens lewer Sasolburg reeds oor die afgelope meer as 20 jaar administratiewe en tegniese dienste van 'n adviserende en uitvoerende aard teen vergoeding aan die plaaslike owerhede van Deneysville en Oranjeville. Sasolburg was die argitek van hierdie konsep van hulpverlening aan kleiner buurdorpe - 'n konsep wat sedertdien elders in die Republiek met groot sukses nagevolg is. Hierdie model is vandag nog so toonaangewend dat dit prinsipieel geensins verskil van die hedendaagse konsep van gesamentlike munisipale administrasies nie. Vanaf 1 Julie 1992 lewer die Stadsraad ook dergelike dienste aan die Stadsraad van Zamdela.

4.2 Dit ter illustrasie van die toonaangewende rol wat Sasolburg op die gebied van plaaslike regering en administrasie in die OVS vervul. Word Sasolburg by Transvaal en in besonder by die PWV-gebied ingedeel, sal Sasolburg een van die kleinste plaaslike owerhede in so 'n bedeling wees en sal hy geen dominante of toonaangewende rol kan speel nie. Die kundigheid en ervaring wat Sasolburg in hierdie proses van dienslewering aan buurdorpe opgedoen het, kan met groot voordeel in belang van kleiner plaaslike owerhede in groter streeksverband in die Noord-OVS aangewend word. Word Sasolburg by Transvaal ingedeel, gaan hierdie kundigheid vir die OVS verlore.

5 Daar heers ook 'n eiesoortige plaaslike owerheidskultuur in die OVS wat by 'n indeling van Sasolburg by die OVS met groot voordeel vir al die gemeenskappe voortgesit kan word. Daarbenewens bestaan daar ook groot lojaliteit by die blanke gemeenskappe in die OVS teenoor hul plaaslike en provinsiale owerhede.

6 Relatief gesproke heers daar arbeidsvrede in Sasolburg wat na alle waarskynlikheid daaraan toegeskryf kan word dat veral die groot werkgewers in Sasolburg oor 'n lang tyd groot kapitaalbedrae beskikbaar gestel en bestee het aan die daarstelling van behuising, gemeenskapsgeriewe en infrastruktuur in Zamdela van 'n standaard wat ek wil beweer, in vergelykbare omstandighede, nêrens elders in die RSA aangetref sal word nie. Die ironie is dat terwyl daar met hierdie kapitaal van plaaslike werkgewers en die gemeenskap vir daardie dienste in Zamdela betaal is, dieselfde werkgewers en gemeenskap in 'n nuwe streek tot kapitaal sal moet bydra om infrastruktuur in ander gebiede in 'n Transvaalse streek daar te stel. Dit is 'n wesenlike risiko dat by 'n indeling van Sasolburg by Transvaal of 'n PWV-streek arbeidsonrus ook na Sasolburg sal oorspoel veral gedagtig daaraan dat Sasolburg by so 'n indeling by ander streeksbesture van SANCO en vakbonde ingedeel sal wees.

7 Daar sal seker aangevoer word dat die voormelde argumente teen 'n indeling van Sasolburg by Transvaal, by verre oorskadu word deur die ekonomiese voordele wat indeling by 'n PWV-streek Sasolburg kan bied. Selfs daaroor het die Stadsraad ernstige bedenkinge. As gelet word op die bruto geografiese produk van Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg in die sekondêre sektor soos weergegee in tabel II van die Bos-verslag, sal u opmerk dat die bruto geografiese produk van Sasolburg dié van Vereeniging met nagenoeg een-derde oorskry en dat die bruto geografiese produk van Sasolburg feitlik dieselfde is as dié van Vanderbijlpark. Die PWV-streek word voorgelê as die streek wat die meeste welvaart sal genereer, maar dit word ook voorgelê dat die streek ander streke sal moet subsidieer. In so 'n konglomeraat van groot stedelike en metropolitaanse komplekse sal Sasolburg duidelik uit plek wees as gevolg daarvan dat Sasolburg in verhouding klein sal wees ten spyte van sy relatiewe hoë bruto geografiese produk. Dit is welbekend dat infrastruktuur in die groot swart woongebiede in die PWV-gebied feitlik ten gronde gegaan het. Daarbenewens stel die grootskaalse voortdurende informele vestiging in daardie gebiede onmoontlike eise vir bykomende infrastruktuurskepping wat 'n uiters nadelige uitwerking op nywerheidsontwikkeling in Sasolburg kan hê. Hierdie omstandighede en die subsidiëring van dienste aan enorme getalle werklose mense gaan 'n toenemende hewige impak op kapitaalbronne in die streek hê en sal noodwendig in die groter komplekse voorkeur moet geniet bo dergelike probleme van kleiner omvang in kleiner owerheidsgebiede soos Sasolburg indien dit deel van daardie streek sou wees.

8 Sasolburg is reeds vir baie jare betrokke by die Riemland Toerisme Assosiasie in die OVS en dien ook as waarnemer en adviseur in die nuutgestigte Distriksontwikkelingsvereniging vir die Noord-OVS.

- 9 Toekomstige streeksgrense sal nie ystergordyne wees nie. Daar kan steeds op ekonomiese, maatskaplike en sportgebied asook op ander terreine samewerking tussen Sasolburg en die res van die Vaaldriehoek wees. Uitsnyding van Sasolburg uit die PWV-gebied sal kwalik enige voelbare nadelige invloed vir die PWV-gebied as streek inhou maar sal 'n geweldige negatiewe impak op die OVS as geheel en die Noord-OVS in besonder uitoefen. Die argument dat die PWV-gebied een van die rykste en ekonomies magtigste streke in die nuwe bedeling sal wees en dat dit belangrik is dat 'n ryker streek al die moontlike kanse moet kry om sy potensiaal ten volle te ontwikkel deur nie sy ekonomiese eenhede uitmekaar te sny nie, is sekerlik waar. Sasol is egter 'n chemiese nywerheid wat reeds in meer as een van die voorgestelde streke gevestig is. Secunda is byvoorbeeld in streek F geleë. Die tipe nywerhede op Sasolburg gevestig, is hoofsaaklik chemies van aard wat neweprodukte van Sasol verwerk en hul eindprodukte word feitlik deurgaans landwyd bemark. So ook word die neweprodukte deur hulle vervaardig tans hoofsaaklik óf uitgevoer óf elders verwerk. Daar bestaan dus weinig, indien enige, rede waarom Sasolburg noodwendig by die PWV-gebied ingelyf behoort te word.
- 10 Laastens wil ek u graag inlig dat die Stadsraad eenparig van mening is dat dit in die beste belang van die gemeenskap is dat Sasolburg deel van die OVS moet bly en dat die Stadsraad 'n konsultant aangestel het om hom op 'n meer wetenskaplike grondslag oor die posisionering van Sasolburg in 'n streekbedeling te adviseer. Die konsultant is dr J M Laubscher van Bloemfontein, 'n ekonoom wat veral in ontwikkelingseconomie spesialiseer. Sy verslag word hierby vir u inligting en oorweging ingedien.

Ten slotte/...

Ten slotte wil ek u graag meedeel dat my Raad ook 'n konvensie plaaslik gehou het waarheen verteenwoordigers van alle belangegroepes in Sasolburg uitgenooi is. Tydens die konvensie het die verteenwoordigers, met uitsondering van die verteenwoordiger van die Sasolburgse Afrikaanse Sakekamer, eenparig standpunt ingeneem ten gunste van

--- Sasolburg se indeling by die OVS. (Sien aanhangsels A tot E hierby aangeheg). Daarna het die Stadsraad ook die gemeenskap van Sasolburg die geleentheid gebied om hul voorkeure met betrekking tot die indeling van Sasolburg in

--- streeksverband, skriftelik uit te spreek. (Sien aanhangsel F hierby aangeheg). Uit die reaksie van die gemeenskap het slegs een persoon hom ten gunste van inlywing by die Vaaldriehoek uitgespreek (**LET WEL**, nie ten gunste van insluiting by die PWV-gebied nie) en slegs een persoon ten gunste van inlywing by die PWV-gebied.

Hieruit blyk duidelik dat die gemeenskap van Sasolburg oorweldigend ten gunste van die indeling van Sasolburg by die OVS is.

Sasol Een

Posbus 1 Sasolburg 9570
Telefoon (016) 708-9111
Teleks 7-47345 SA
Telefax (016) 708-2026
Telegramme 'Sasolkor' Sasolburg

Sasol One

P O Box 1 Sasolburg 9570
Republic of South Africa
Telephone 708-9111
Telex 7-47345 SA
Telefax (016) 708-2026
Telegrams 'Sasolkor' Sasolburg

Aanhangsel A



6 September 1993

Die Stadsclerk
Stadsraad Sasolburg
Posbus 60
SASOLBURG
9570

POSISIONERING VAN SASOLBURG IN 'N TOEKOMSTIGE STREEKSBEDELING

U fakse van 30 Augustus 1993 aan die hoofbestuurders van Sasol Een en Natref verwys. Aangesien die twee nywerhede dit, vanweë bestaande verpligtinge, moeilik vind om afgevaardigdes na u konvensie te stuur en gegewe die feit dat hulle reeds by verskeie geleenthede gedurende die afgelope maande via hulle verteenwoordiger hulle standpunte gestel het, word hierdie standpunt bloot weer skriftelik langs hierdie weg bevestig.


- 1 Nywerhede se hoofdoelmerk is om op 'n mededingende basis met hulle besigheid voort te gaan. Dit is veral Sasol Een wat met sy produkte dwarsoor die wêreld handel dryf wat sy bedrywighede sal moet staak as hy nie met die voorsieners in sy afsetgebied kan meeding nie. Posisionering van Sasolburg moet dus nie slegte nagevolge ten opsigte van ondermeer belasting, arbeidsregulasies en wetgewing inhou nie. Sou die nywerhede negatief geraak word kan dit uiteraard 'n invloed hê op besluite oor bestaande en die nuwe besigheidsaktiwiteite.

Plasing van Sasolburg in die OVS moet gepaard gaan met:


- betekenisvolle inspraak namens die petro-chemiese nywerhede in Sasolburg
 - behoud van arbeidsvrede
 - sinvolle aanwending van belasting en streekdienste-heffings wat deur die nywerhede oorbetaal word.
- 2 Daar word met bogenoemde plasing aangeneem dat:
 - streeksgrense nie so rigied sal wees dat dit ekonomiese interaksie tussen Sasolburg en die res van die Witwatersrand/Vaaldriehoek sal benadeel nie

- die opleidingsfasiliteite in die res van die Vaaldrie-
hoek steeds onbelemmerd tot Sasolburg se beskikking
sal wees.

Die uwe



E H MARSHALL
HOOFBESTUURDER
SASOL EEN



A M HUMAN
HOOFBESTUURDER
NATREF

PCVT24/ivdw

SKOOLHOOF
PRINCIPAL : D.P. STEYTLER



CARPE DIEM

✉ - 244 SASOLBURG
9570
☎ - (016) 76-0534/5
FAX - (016) 76-0536

7 September 1993

AAN WIE DIT MAG AANGAANSasolburg - indeling

Graag wil ek nadat ek met skoolhoofde in die Sasolburgstreek gesprek gevoer het die standpunt stel betreffende volgehoue inskakeling by die O.V.S.-Onderwysdepartement insake onderwysaangeleenthede.

Aangesien die onderwys 'n uitgebreide instansie is wat vele fasette insluit sal inskakeling by enige ander provinsie die onderwys baie nadelig raak.

1. As gevolg van verskille betreffende standaarde (ten spyte van oorkoepelende standaardbepaling) en leerplanne, sal inskakeling groot omwenteling te weegbring.
2. Verskillende voorgeskrewe werke betreffende vakke en veral die tale sal die aankoop van nuwe boeke noodsaak wat weer 'n finansiële, vloei uit ouers se sakke in 'n nuwe bedeling laat sneeubal.
3. Verskille in benadering ook betreffende administratiewe voorskrifte sal 'n hele omwenteling by skole bewerkstellig wat ook aanpassing by personeel en koste-implikasies inhou.
4. Die aanwending van die "staatsmandjie" deur verskillende departemente het groot verskille in postestruktuur en aanstellingswyses te weeggebring wat die Vrystaatse onderwyser nadelig sal tref.
5. Rekenaarprogramme en ondersteuningskursusse aan personeel en skoolhoofde word tans in die O.V.S. op groot skaal aangepak wat drasties verskil van ander provinsies. Die O.V.S.-rekenaaradministrasie verskil van ander provinsies en oorskakeling kan groot veranderinge in bestaande werkswyses en die bevoorraad van skole verseker.
6. Die lojaliteit wat met skakeling, kursusse en vakbetrokkenheid deur jare opgebou is, kan nie met sonering afgesny word nie en derhalwe stem dit die O.V.S.-onderwyser baie negatief om enigsins te dink aan inskakeling by 'n ander onderwysdepartement.

Hoewel daar op sportgebied wel inskakeling plaasvind wat vir ons in Sasolburg koste-effektiwiteit inhou, sal departementele verskuiwing traumatiese gevolge vir die Sasolburgskole en personeel inhou wat ons ten alle koste wil vermy.

Ek glo dat nog talle nadele by oorskakeling genoem kan word terwyl die voordele beperk bly.

Ek dank u vir u aandag.

Die uwe

DAN STEYTLER (Voorsitter Skoolhoofdevereniging - Sasolburgstreek)



Geaffilieer by die FAK

Onhangsel C

Die Kultuurraad van Sasolburg

Posbus 730

2 Sept. 1993

Die Stadsleier
Stadsraad
Posbus 60

Sasolburg 9570
Waarde heer,

Tekennings Streeksingel

Namens die Kultuurraad van Sasolburg
staan ek heelhartig die voorstel dat die
Vaaldrichsheid met instelling van Sasolburg
in die landdressedistrikte van Parys, Heilbron,
Frankfort en Koppies in outonomie onaf-
hanklike streek word.

Die Vaaldrichsheid het gemeenskaplike
skoolstelsel-, opvoedings- en industriële belange.

Indien bogenoemde voorstel aan me
aanvaar word nie is die gedagte van,
om Sasolburg by die OVS in te skakel die
enigste alternatief want as ons by die P.O.V.
gehoed ingeskakel word sal ons in hem
krepende in die waestyn wees en verswaag
word deur die masas. Die voordeel dusom
by die OVS streek in te skakel, indien eersge-
noemde nie aanvaar word nie, sal wees
dat ons ten minste by in gemeenskap

ingedeel sal wees waar ooregenda eanons
ee mense is waar ons insette sal kan lewes
waarvoor daas begrip sal wees.

Dit sal in tleustelling wees inchen
voorstel een nie aanvaat word nie
an redes kees geseem waar ons sal
geensins te rede wees an by die P.W.
gebied in te shakel nie.

Die Hare

A. C. C.

Voorzitter.

Commentary on the Delimitation of SPR's

Welfare Liaison Committee

CRITERION 3.2

Administrative considerations including availability or non-availability of infra-structures and nodal points for services.

1. The problem for welfare services in the Orange Free State is that nodal points have not rendered services due to a lack of real devolution of power.
2. The service points, governed from the first level of government, the central government, has had head offices and regional offices which have not served the needs of the Sasolburg Magisterial District adequately.

Services have on occasion been rendered from :

Kroonstad and Bloemfontein, in the Orange Free State.

A more proficient and adequate service was rendered from Germiston in the Transvaal via the office in Vereeniging. In the experience of welfare workers, this was a more efficient service than Kroonstad, due to the following reasons :-

- more regular contact was made by TPA;
- travelling times were cut by half;
- faxes have a limited use in certain sensitive cases;
- cost structure was more effective.

CRITERION 3.4

The necessity of limiting financial and other cost as much as is reasonably possible.

Depending on the allocation of functions to regions and local governments pertaining to welfare services, this would be a relevant criterion.


CRITERION 3.7

Demographic considerations.

Community type and profile are similar to the Vaal Triangle and bear little resemblance to the northern Orange Free State and the mining community of Welkom.

SPR - Preference.

On the basis of the above mentioned criteria and based on the fact that the functions of regions have not yet been determined, it is difficult to elect placement in a region. Proximity to the point which renders services, is important.



CHAIRMAN
MRS HM JONKER

The Welfare Liaison Committee is constituted as follows :-

1. Alcoholics Anonymous.
2. Child and Family Welfare.
3. Community Chest.
4. Council for the Care of the Aged.
5. FAMSA.
6. Hospice.
7. Life Line.
8. Mental Health.
9. SANCA.
10. Welfare Service : Dutch Reformed Church.
11. Welfare Service : Reformed Church.



NOORD-VRYSTAAT STREEKSDIENSTERAAD NORTHERN FREE STATE REGIONAL SERVICES COUNCIL

☐ 10
SASOLBURG
9570

Burgersentrum/Civic Centre
SASOLBURG
9570

☎ (016) 76-0765
FAX (016) 76-0769

Navrae: K le Roux
Enquiries:

Verwysing:
Reference:

3 September 1993

Die Stadsklerk
Stadsraad van Sasolburg
Posbus 60
Sasolburg
9570

Meneer

POSISIONERING VAN SASOLBURG IN 'N TOEKOMSTIGE STREEKSBEDELING

U skrywe 1/2/30/1 van 30 Augustus 1993 het betrekking.

Baie dankie vir die uitnodiging na die plaaslike konvensie oor die posisionering van Sasolburg in 'n toekomstige streeksbedeling en die geleentheid om skriftelik vertoë en die standpunt van die Streeksdiensteraad oor die saak in te dien.

Die standpunt van die Streeksdiensteraad is dat Sasolburg vir die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad behou moet word. Ek wil sover gaan om te sê dat Sasolburg noodsaaklik is vir die voortbestaan van die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad en die stelling wil ek graag bevestig met die onderstaande syfers wat aantoon wat Sasolburg-distrik se bydrae was tot die heffingsinkomste van die Streeksdiensteraad vir die 1993/94 finansiële jaar:

DISTRIK	HEFFINGS	% VAN TOTAAL
Sasolburg	R 9 995 401,33	54,35
Frankfort	1 030 997,00	5,60
Heilbron	417 188,12	2,27
Kroonstad	3 780 673,49	20,56
Koppies	114 179,53	0,62
Parys	495 499,05	2,69
Vredefort	70 963,24	0,39
Viljoenskroon	2 487 377,34	13,52
	R18 392 279,10	100,00

As die Streeksdiensteraad enigsins wil voortgaan met die uiters belangrike ontwikkelingsfunksie wat hy moet verrig, is die inkomste vanaf Sasolburg-distrik noodsaaklik. Volgens alle aanduidings sal die gebied van die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad nie by die PWV-gebied ingedeel word nie en moet dit dus aanvaar word dat die gebied van die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad, met die moontlike uitsondering van Sasolburg, by die OVS ingedeel sal word.

Met voorafgaande as agtergrond wil ek dan ook die volgende faktore noem wat volgens my mening noodsaaklik is vir die Streeksdiensteraad en die gemeenskap van Sasolburg dat Sasolburg deel bly van die Streeksdiensteraad en dus ook van die OVS.

1 DEMOGRAFIESE OORWEGINGS

Van die swart populasie van Sasolburg-distrik is ongeveer 71 % van die Sotho-groep, terwyl slegs ongeveer 16 % van die swart populasie in die PWV-gebied van hierdie groep is. Hierdie oorheersende Sotho-populasie word ook in die ander distrikte in die gebied van die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad gevind met Heilbron 59 %; Koppies 69 %; Parys 54 %; Vredefort 50 % en Kroonstad 58 %.

2 HEFFINGSKOERSE VAN STREEKSDIENSTERAAD

Die volgende is vergelykende heffingskoerse (BTW uitgesluit) van die Noord-Vrystaat Streeksdiensteraad en ander streeksdiensterade in the PWV-gebied:

STREEKSDIENSTERAAD	DIENSTEHEFFING	VESTIGINGSHEFFING
Wesrand	,2875 %	,1150 %
Pretoria	,2807 %	,1184 %
Vaaldriehoek	,2800 %	,1120 %
Sentraal-Witwatersrand	,3509 %	,1408 %
Oosrand	,3330 %	,1330 %
Noord-Vrystaat	,2500 %	,1000 %

Bogenoemde syfers toon dat die heffingskoerse in die res van die PWV-gebied gemiddeld in die omgewing van 23 % meer is as die van hierdie Streeksdiensteraad. Dit kan beteken

- dat van die groter nywerhede in Sasolburg tot R400 000 per jaar meer aan heffings sal moet betaal; en
- dat die nood in die res van die PWV-gebied baie hoër is as in die Noord-Vrystaat.

3

ARBEIDSONRUS

Oor die algemeen ondervind werkgewers in Sasolburg 'n redelike mate van arbeidsrus wat nie gesê kan word van die res van die PWV-gebied nie. As Sasolburg sou deel vorm van die PWV-gebied kan aanvaar word dat die arbeidsonrus sal oorspoel na Sasolburg. Veral vir die groter nywerhede is arbeidsrus van deurslaggewende belang.

4

BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK

Die volgende is 'n uiteensetting van die bruto geografiese produk van die agt landdros-distrikte in die gebied van hierdie Streeksdiensteraad volgens die 1988 syfers van die Sentrale Statistiekdiens:

DISTRIK	BGP ('000)	% VAN TOTAAL
Frankfort	114 527	3,7
Heilbron	112 678	3,6
Koppies	51 148	1,7
Kroonstad	484 801	15,7
Parys	102 949	3,3
Viljoenskroon	166 943	5,4
Vredefort	25 957	0,8
Sasolburg	2 038 028	65,8
Totaal	3 097 031	100,00

As Sasolburg sou ingesluit word in die PWV-gebied sal sy totale bydrae tot die BGP van die PWV-gebied minder as 3 % wees, terwyl dit tot die BGP van die Noord-Vrystaat 66 % en die OVS bykans 16 % sal bedra.

Sasolburg sal tereg in die OVS baie sterker op voordele kan aanspraak maak, terwyl in die PWV-gebied hy bykans geen seggenskap sal hê nie.

5

GRENSE

In die verslag van die kommissie vir afbakening word terloops genoem dat Sasolburg vanweë sy funksionele verbintenisse in die PWV-gebied ingedeel is. Hierdie opmerking neem nie die feit in ag dat Sasolburg synde die belangrikste chemiese kompleks in Suid-Afrika, funksionele verbintenisse met bykans alle streke in die land het nie, maar tog nie by elke streek ingedeel kan word nie. Dit ignoreer ook die feit dat al was Sasolburg sedert sy bestaan deel van die OVS, dit nie die Sasol-kompleks daarvan weerhou het om wêreldberoemd te word nie.

Grense in die nuwe Suid-Afrika sal ook nie ystergordyne wees nie en die samewerking ten opsigte van sport, kultuur, onderwys en opvoeding, ens wat tans bestaan, sal soos in die verlede kan voortgaan.

6

SASOLBURG SE ROL IN DIE STREEK

Soos reeds hierbo genoem, dra Sasolburg-distrik ongeveer 54,35 % by tot die heffingsinkomste van die Streeksdiensteraad (bykans R10 miljoen). Sou Sasolburg nie meer deel wees van hierdie Streeksdiensteraad nie, sal die heffingsinkomste vanaf R18,39 miljoen na R8,39 miljoen verminder. Die gevolg sal wees dat die opheffing van die agtergeblewe gebiede drasties ingekort sal moet word. Dit kan tot gevolg hê dat die inwoners in die streek kan verhuis na die PWV-gebied waar die "gras groener blyk te wees".

Sasolburg vervul tans 'n leierskapfunksie in die Noord-Vrystaat

- op plaaslike owerheidsgebied met hulpverlening aan verskeie kleiner plaaslike owerhede (op hierdie gebied doen Sasolburg baanbrekerswerk en is hy uniek)
- op kultuurgebied met die pragtige Etienne Rousseau-teater
- op sportgebied met die DP de Villiers-stadion en olimpiese standaard swembad
- as werkverskaffer
- as streeksakesentrum
- as hoofagent van die Streeksdiensteraad.

Hierdie leierskapfunksie sal as Sasolburg deel van die Oranje-Vrystaat bly uitgebrei word na selfs die Oos-Vrystaat en Qwa-Qwa.

Dit moet egter aanvaar word dat sou Sasolburg by die PWV-gebied ingesluit word, hy deel van 'n metropolitaanse raad sal vorm en heelwaarskynlik nie meer al die funksies verrig wat hy tans verrig nie, die munisipaliteit sal afgradeer word, besluite vir die gemeenskap sal deur die metropolitaanse raad geneem word en Sasolburg sal beslis nie die leierskapfunksies vervul wat hy tans in die Noord-Vrystaat vervul nie.


7

TEN SLOTTE

Bogenoemde redes behoort voldoende te wees om Sasolburg in die OVS te hou, waarby dit al die jare was, maar as daar enigsins nog twyfel is moet ek vir u sê - die Vrystaters het 'n kultuur van sy eie.

Tot die beste voordeel van die gemeenskap van Sasolburg, asseblief hou Sasolburg in die OVS en dit vra ek as inwoner van Sasolburg.

Vriendelike groete


KIM LE ROUX
HOOF UITVOERENDE BEAMPTIE

KLR/rg



Stadsraad
Town Council

SASOLBURG

☑ 60 Sasolburg (9570)
☎ (016) 76-0029
Faks/Fax (016) 73-2191

Verwysingsnr. 1/2/30/1
Reference No.

Navrae: J du Plessis
Enquiries:

Geagte Inwoner

8 September 1993

STREEKSGRENSE : WAAR HOORT SASOLBURG TUIS?

Soos u weet, is toekomstige streeksbedelings tans 'n baie aktuele onderwerp. Die Streeksontwikkelingsvereniging vir die Vaaldriehoekse Metropolitaanse gebied het onlangs 'n streekskonvensie oor die posisie van die Vaaldriehoek gehou. Dié konvensie het besluit om vertoë tot die Kommissie vir die Afbakening van Streke te rig om die Vaaldriehoek met insluiting van Sasolburg en die landdrosdistrikte van Parys, Heilbron, Frankfort en Koppies as 'n outonome, onafhanklike streek af te baken.

Die Stadsraad van Sasolburg, wat ook by die konvensie verteenwoordig was, het hierdie besluit gesteun op voorwaarde dat:

- die bogenoemde Vrystaatse distrikte by die streek ingesluit word; en
- indien die streek nie soos versoek ingedeel word nie en Sasolburg by 'n groter streek (byvoorbeeld die PWV-gebied) ingedeel word, die stadsraad sy posisie sal heroorweeg met 'n sterk moontlikheid om voorkeur aan die Oranje-Vrystaat te gee.

Nadat alle vertoë oorweeg is, het die Kommissie vir die Afbakening van Streke aanbeveel dat Sasolburg sonder die ander Vrystaatse dorpe by die PWV-gebied ingesluit word. By oorweging van die aanbevelings het die Veelparty-Onderhandelingsraad egter besluit om tot 24 September geleentheid te bied vir die indien van verdere vertoë veral ten opsigte van areas waaroor groot sensitiwiteit bestaan. Die vraag of Sasolburg deel van die PWV-gebied moet wees of nie is een hiervan. In die lig van laasgenoemde verwickelinge het die Raad op Dinsdag 7 September 1993 'n konvensie gehou waarheen verteenwoordigers van alle belangegroepes in Sasolburg uitgenooi is.

Tydens die konvensie het geblyk dat die meerderheid van verteenwoordigers ten gunste van Sasolburg se insluiting by die Oranje-Vrystaat is, maar dat noue samewerking met die Vaaldriehoek steeds gehandhaaf en bevorder moet word. Indien u nie met bogenoemde standpunt, naamlik dat Sasolburg by die Vrystaat ingedeel word, saamstem nie word u vriendelik versoek om aan die Stadsraad, Posbus 60, Sasolburg, 9570 te skryf en u standpunt te motiveer. U brief moet ons nie later nie as 17 September 1993 bereik. Relevante inligting is beskikbaar by kantoor 407, vierde vloer, toringblok, Burgersentrum.



Stadsraad
Town Council

SASOLBURG

☒ 60 Sasolburg (9570)

☎ (016) 76-0029

Faks/Fax (016) 73-2191

Verwysingsnr. 1/2/30/1
Reference No.

Navrae: J du Plessis
Enquiries:

Dear Resident

8 September 1993

REGIONAL BOUNDARIES : WHERE DOES SASOLBURG BELONG?

As you are probably aware, future regional dispensation is of great interest at present. The Regional Development Association for the Vaal Triangle Metropolitan area held a convention recently to consider the position of the Vaal Triangle in this respect. It was decided at this convention to make representation to the Commission on the Demarcation of Regions to consider defining the Vaal Triangle with the inclusion of Sasolburg and the magisterial districts of Parys, Heilbron, Frankfort and Koppies as an autonomous independent region.

The Sasolburg Town Council had representation at this convention and a decision was taken to support this resolution with the following proviso:

- that the abovementioned Free State magisterial districts be included in this region; and
- should this region not be defined as requested and that Sasolburg become part of a greater region e.g. the PWV region the Town Council will reconsider its position with a strong possibility of preference for the Free State region.

After considering all representations made, the Commission on the Demarcation of Regions recommended that Sasolburg be included in the PWV area without inclusion of the other abovementioned Free State towns. The Multi Party Negotiating Council however, has decided to extend the time limit to the 24th of September to allow for further representations to be tabled especially in the case of sensitive areas such as Sasolburg: i.e. whether Sasolburg should be included in the PWV region or not.

To facilitate this action the Sasolburg Town Council had a convention with representatives of all interested parties on Tuesday, 7 September 1993. During this convention it became apparent that the majority present were in favour of the inclusion of Sasolburg in the Free State region but that close co-operation with the Vaal Triangle be maintained and promoted. If you are not in agreement with this decision that Sasolburg be included in the Free State region you are cordially invited to make representation with the necessary motivation to support your view to the Town Council, P O Box 60, Sasolburg, 9570 to reach us not later than 17 September 1993. All relevant information is available at Room 407, Fourth floor, Tower Block, Civic Centre.


CHIEF EXECUTIVE/TOWN CLERK

SASOLBURG STADSRAAD TOWN COUNCIL



**VOORLEGGING AAN DIE KOMMISSIE VIR DIE
AFBAKENING VAN STREKE**

**DIE POSISIONERING VAN SASOLBURG IN 'N
TOEKOMSTIGE STREEKSBEDELING**



**'N EKONOMIESE PERSPEKTIEF
OP DIE INDELING VAN
SASOLBURG IN STREEKSVERBAND**

**'n Verslag oor kontraknavorsing in opdrag van die
Stadsraad van Sasolburg**

deur

**J.M. Laubscher (MS, Ph D)
Ekoonoom**

September 1993

EXECUTIVE SUMMARY

The economy of the present Region C is predominantly dependent upon agriculture and mining for its prosperity. This dependence upon primary sectors also implies that the economy of the region is extremely vulnerable to the detrimental impact of phenomena such as droughts and instability in especially the price of gold. To put it differently, the economy of the present Region C depends far too much upon factors over which it has no control.

Another important aspect which has a further detrimental effect upon the bargaining position of Region C, is the relatively poor contribution by the manufacturing industry towards the gross geographic product (GGP). There is conclusive proof that the economic welfare of Region C, as a result of its strong inclination towards imports, is greatly affected by what happens with the economies of neighbouring regions. The largest portion of the welfare generated by the manufacturing process lies in the secondary and tertiary products. It is a well-known fact that Region C is poorly endowed as far as industries are concerned.

In view then of the high degree of dependence upon primary sectors and the insufficient industrial structure within the region, coupled with other factors which to a greater or lesser extent have a negative impact upon the region's economy and social environment, it can rightfully be concluded that, in comparison to for instance Region A or Region H, Region C may be regarded as a deprived region.

As a result Region C, or a future Free State region for that matter, may remain a dependent of the central treasury. It is imperative that, in view of recent changes to the economic basis of Region C, a dynamic and imaginative industrial settlement and development policy be implemented. For this purpose Sasolburg is situated excellently, not only for its position to the south of the Vaal River and therefore within the Orange Free State, but also as far as its industrial experience is concerned. The infrastructure which Sasolburg has, is such that it will be able to stimulate and also facilitate any process in Region C in support of industrial settlement. Social structures are just as conducive to such a role for Sasolburg in the upliftment of Region C. Alternatively there is also proof that the withdrawal of Sasolburg from a Free State region will leave a vacuum in which present efficient support may collapse. Furthermore, for its income the present Northern OFS Regional Service Council is to a large extent dependent upon Sasolburg's present participation in this RSC's service area.

It can be proved that important changes have taken place in Region C's economic basis since 1984. This is especially welcomed in view of moderate improvements in terms of the contribution towards the GGP from the tertiary sectors. On a comparative basis the same changes have taken place in Sasolburg's economy, albeit on a much larger positive scale! In fact, Sasolburg is in particular the leading industrial town within the provincial borders of the Orange Free State. In addition to these positive factors it may be mentioned that the personal income of the inhabitants of Sasolburg per capita (as part of the gross geographic product) is of the highest in the country - up to five times higher than that in Region C. These factors are further proof of the fact that the inclusion of Sasolburg in a Free State region will supplement the economy of the region as a whole.

The merits of Sasolburg's continued inclusion in the PWV region have been judged

according to the ten principles/norms laid down by the Regional Delimitation Commission. It has been proved that those norms cannot be met unless Sasolburg is included in a Free State region. There is also conclusive proof that Sasolburg should indeed not be included in the PWV region. The present inclusion of Sasolburg in the proposed PWV region most probably results from the important role played by the town in the Vaal Triangle where it undoubtedly serves as an anchor. Important existing functional relationships within the Vaal Triangle and which Sasolburg is at present part of, need however not be detrimentally affected if the town would be excluded from the Vaal Triangle in future. Any view to that effect would amount to a misconception about the actual meaning of regional boundaries and disregards the existence and meaning of the so-called "soft boundaries". The absolute maintenance of all functional relationships is just an essential but not sufficient condition for economic viability. Existing interdependence among Sasolburg and other towns in the Vaal Triangle need not be forfeited in another regional grouping.

In view of the arguments put in this report and the evidence to that effect the author supports the inclusion of Sasolburg in a Free State region.

oooOooo

UITVOERENDE OPSOMMING

Die ekonomie van die huidige Streek C is oorwegend afhanklik van landbou en mynbou vir sy welvaart. Hierdie afhanklikheid van primêre sektore beteken ook dat die ekonomie van die streek geweldig kwesbaar is vir die nadelige impak van verskynsels soos droogtes en dalings/skommelings in veral die prys van goud. Anders gestel, die ekonomie van die huidige Streek C, is te afhanklik van faktore buite sy beheer.

'n Ander belangrike aspek wat verdere verswakking van die bedingingsbasis van Streek C tot gevolg het, is die relatief lae bydrae wat die fabriekswesesektor lewer tot die bruto geografiese produk (BGP). Daar is afdoende bewys dat Streek C vanweë sy hoë invoergeneigdheid vir sy ekonomiese heil ook afhanklik is van wat met die ekonomie van buurstreke gebeur. Die grootste deel van die welvaart wat gegenereer word uit die produksieproses, lê in die sekondêre en tersiêre produkte. Dit is op rekord dat Streek C onderbedeeld is wat nywerhede aanbetref.

Gegewe die hoë mate van afhanklikheid van primêre sektore en die gebrekkige nywerheidsstruktuur binne die streek, tesame met ander faktore wat 'n mindere of meerdere negatiewe impak het op sy ekonomie en die sosiaal-maatskaplike leefwêreld, kan daar met reg gekonkludeer word dat Streek C, in vergelyking met byvoorbeeld Streek A of Streek H, as 'n agtergeblewe streek beskou kan word.

Dit kan tot gevolg hê dat Streek C, of dan 'n toekomstige Vrystaatstreek, grootliks afhanklik kan bly van die sentrale fiskus. Dit is gebiedend noodsaaklik dat, in die lig van onlangse veranderings aan die ekonomiese basis van Streek C, 'n dinamiese en verbeeldingryke nywerheidsvestigings- en ontwikkelingsbeleid praktyk gemaak moet word. Vir hierdie doel is Sasolburg uitstekend geplaas, nie net vanweë sy ligging suid van die Vaalrivier en dus binne die Oranje-Vrystaat nie, maar ook wat betref sy ondervinding van nywerhede. Die infrastruktuur waaroor Sasolburg beskik, is van so 'n aard dat dit enige proses in Streek C ter ondersteuning van nywerheidsvestiging kan stimuleer en ook fasiliteer. Sosiaal-maatskaplike strukture is eweneens bevorderlik vir so 'n rol vir Sasolburg in die opheffing van Streek C. Alternatiewelik is daar ook bewyse dat die onttrekking van Sasolburg uit 'n Vrystaatstreek 'n vakuum kan laat waarin huidige doeltreffende ondersteuning in duie kan stort. Dit gaan trouens nog verder en wel tot die mate waartoe die huidige Noord-OVS-streekdiensteraad vir sy inkomste grootliks afhanklik is van Sasolburg se huidige deelname aan hierdie SDR se bedieningsgebied.

Bewys kan gelewer word dat belangrike verskuiwings sedert 1984 in die ekonomiese basis van Streek C plaasgevind het. Dit word veral verwelkom in die lig van matige verbeterings in terme van die bydrae tot die BGP uit die tersiêre sektore. Op 'n vergelykende basis het dieselfde tipes veranderings ook in die ekonomie van Sasolburg ingetree, ofskoon van 'n veel groter positiewe omvang! Trouens, Sasolburg is by uitstek die mees toonaangewende nywerheidsdorp binne die provinsiale grense van die Oranje-Vrystaat. Bykomend tot hierdie positiewe faktore, is die feit dat Sasolburg se persoonlike inkomste per capita (as deel van die bruto geografiese produk) van die hoogste in die land is, tot selfs 5 keer hoër as dié van Streek C. Hierdie feitlikhede is

verdere bewys van die feit dat Sasolburg se toevoeging tot 'n Vrystaatstreek, die ekonomie van die streek in die geheel kan aanvul.

Die meriete van Sasolburg se voortgesette indeling by die PWV-streek is aan die hand van die Kommissie vir die Afbakening van Streke se 10 beginsels/norme beoordeel. Bewyse is gelewer dat daar per saldo nie aan die norme voldoen word indien Sasolburg nie by 'n Vrystaatstreek ingedeel word nie. Afdoende bewyse bestaan dat Sasolburg inderdaad nie by die PWV-streek ingedeel behoort te word nie. Die huidige indeling van Sasolburg by die voorgestelde PWV-streek vloei waarskynlik voort uit die belangrike rol wat Sasolburg speel en te speel het in die Vaaldriehoek. Bewyse bestaan dat Sasolburg inderdaad hier 'n ankerrol speel. Belangrike bestaande funksionele verwantskappe binne die Vaaldriehoek en waarvan Sasolburg tans deel uitmaak, hoef egter nie nadelig beïnvloed te word indien Sasolburg in die toekoms nie deel sal wees van die Vaaldriehoek nie. Enige sodanige siening kom neer op 'n skynbare verwarring van wat streekgrense behoort te beteken en verontagsaam die bestaan en betekenis van sogenaamde "sagte grense". Daarenteen is die absolute behoud van alle huidige funksionele verwantskappe net 'n noodsaaklike, maar nie voldoende voorwaarde vir ekonomiese lewensvatbaarheid nie. Bestaande interafhanklikheid tussen Sasolburg en ander dorpe binne die Vaaldriehoek hoef dus nie verlore te gaan onder 'n ander streekindeling nie.

Gegewe die argumente uiteengesit in hierdie verslag en die bewyse in dié verband, ondersteun die skrywer dus die insluiting van Sasolburg by 'n Vrystaatstreek.

—oOo—

'N EKONOMIESE PERSPEKTIEF OP DIE INDELING VAN SASOLBURG IN STREEKSVERBAND

deur J.M. LAUBSCHER

1. BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende verwysings geld in hierdie verslag.

- | | | |
|-------------|----------------------------|---|
| 1.1 | Streek C | Hierdie term verwys na die huidige Streek C as een van die sogenaamde 9 Ontwikkelingstreke. |
| 1.2 | Beplanningstreek | Dit verwys na die huidige Beplanningstreke van Streek C. Tans is daar 3: 29, 30 en 31. |
| 1.3 | Substreek | 'n Term wat verwys na die indeling van Streek C in 4 sogenaamde sub-streke: C1, C2, C3 en C4 soos toegepas deur die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA). |
| 1.4 | Sasolburg | Hier word daar verwys na die landdrosdistrik van Sasolburg. |
| 1.5 | SDR | Streeksdiensteraad met die agtervoegsel wat verwys na 'n spesifieke Streeksdiensteraad. Bv. SDRNOVS is die Noord-Vrystaat SDR soos tans gedefinieer. |
| 1.6 | KAS | Die Kommissie vir die Afbakening van Streke. |
| 1.7 | OVS/ORANJE-VRYSTAAT | Die streek, Oranje-Vrystaat, soos voorgestel deur KAS met die uitsluiting van Sasolburg. |
| 1.8 | SOV | Streeksontwikkelingsvereniging met die agtervoegsel wat dui op die Beplanningstreek. Bv. SOV30 is die SOV van Beplanningstreek 30, ens. |
| 1.9 | SOAK | Streeksontwikkelings-Advieskomitee |
| 1.10 | Die Vrystaat | Verwys na die huidige Ontwikkelingstreek: Streek C, met die insluiting van Sasolburg. |
| 1.11 | Tydperke | Tensy anders aangedui, is die 1988 syfers die jongste statistieke wat beskikbaar is en gebruik is. Waar verwys word na 1991, het die syfers betrekking op die 1991 Sensus. |

2. INLEIDING

Verskillende ontledings van die ekonomiese basis van Streek C, toon belangrike ooreenkomste in terme van die ekonomiese vermoë van dié streek.

- Skerp stygende werkloosheid, 'n baie kwesbare ekonomie en 'n lae Bruto Geografise Produk per capita (OBSA, 1991).
- Lae bevolkingsaanwas, 'n laer as gemiddelde werkloosheid en vergelykende voordele ten opsigte van landbou en mynbou (OBSA, 1991).
- Skadelike sosio-ekonomiese faktore soos lae inkomste, swak gesondheidstoestande, onvoldoende onderwys en beperkte toegang tot opleidingsfasiliteite (SOAK, 1993).
- Gebrekkige sosio-ekonomiese infrastruktuur beperk die hoeveelheid entrepreneurs en 'n gebrek aan ontwikkelingskapitaal kan die groeipotensiaal van die streek beperk (SOAK, 1993).
- Streek C het 'n relatief hoë invoergeneigdheid wat dui op 'n aansienlike lekkasie van inkomste uit die streek. Ongeveer 39% van die waarde van intermediêre goedere en 77% finale vraag produkte word deur invoer bevredig (Laubscher, 1991).
- Slegs 2% van alle produkte wat in Streek C geproduseer word, word as finale vraag produkte binne die streek verbruik. Die ekonomie van Streek C is dus grotendeels kwesbaar vir ekonomiese verwickelinge buite die streek en het as sodanig min of geen beheer daaroor nie (Laubscher, 1991).
- Die skep van 'n sterk agro-nywerhede bedeling kan aanleiding gee tot groter toevoeging van waarde binne die streek, wat die streek se BGP kan verhoog, terwyl die streek ook minder afhanklik kan raak van die huidige twee sektore wat domineer, naamlik landbou en mynbou.

Bogenoemde is enkele faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die ekonomie van Streek C oor die algemeen sleg afsteek teen dié van die res van die land. Onstabiliteit in die landbou- en die mynbousektore het grootliks hiertoe bygedra.

In die lig van die feit dat die ekonomiese basis van die streek verander het en nog verder gaan verander, is dit van die allergrootste belang dat daar balans in die streekseksonomie moet kom. Waardetoevoeging en aldus welvaartskeppende ontwikkeling is van die allergrootste belang. Hiervoor is die vestiging van 'n heel nuwe nywerheidskultuur dringend en noodsaaklik. Ontledings van die potensiaal vir sodanige ontwikkelingsmoontlikhede wys duidelik op sekere streekskandidate (landdrosdistrikte). Daar gaan alhier geargumenteer word dat Sasolburg een van dié gebiede is vir sover daar alreeds 'n bewese rekord van suksesvolle nywerheidsvestiging is. Nie alleen bestaan daar in Sasolburg en sy direkte omland 'n duidelik identifiseerbare nywerheidskultuur nie, maar vanweë sy ligging leen Sasolburg hom ook

uitstekend tot die doelbewuste ontginning van die moontlikhede vir agropywerhede.

Daar gaan voorts argumenteer word dat indien Sasolburg nie deel word van die voorgemelde Vrystaatstreek nie, maar elders geplaas word, die nadele vir die Vrystaat proporsioneel groter gaan wees as die voordele wat dit byvoorbeeld kan hê vir die PWV-streek (die huidige voorgestelde indeling). Daarteenoor behoort die ekonomie van Sasolburg nie nadelig beïnvloed te word indien Sasolburg by die Vrystaatstreek ingedeel word nie. Daar kan egter verwag word dat die huidige toedrag van sake in die geval van die voorgestelde PWV-streek sodanig is dat indeling van Sasolburg aldaar, potensieel 'n groter dreinerings van huidige en toekomstige welvaart vir Sasolburg tot gevolg kan hê. Sasolburg se indeling by die voorgestelde PWV-streek sal 'n nadelige impak hê op die dorp.

3. ENKELE EKONOMIESE REALITEITE VAN STREEK C VERSUS DIÉ VAN SASOLBURG

Ter inleiding verdien die volgende aandag. Pretorius (1993, p19) beskryf 'n aantal analitiese instrumente om die veranderinge in die ekonomiese basis van 'n landdrosdistrik en 'n streek relatief tot die veranderinge in vergelykbare entiteite van geheel die RSA, te meet.

Die differensiële en proporsionele verskuiwingstegniek is 'n tegniek wat dikwels aangewend word om ekonomiese groei en die onderliggende faktore wat daartoe aanleiding gee, te meet. Die basis van berekening van hierdie soort verskuiwings berus op die meet van die prestasie van afsonderlike sektore in 'n gebied (differensiële), asook van alle sektore in totaal (proporsioneel) relatief tot dié van 'n groter geografiese gebied, byvoorbeeld die RSA. Volgens Pretorius is dit "*belangrik om daarop te let dat dit nie gaan oor reële groei of kwyning nie, maar oor 'n plaaslike bedryf/sector se prestasie in vergelyking met 'n groter geheel deur die RSA.*" Volgens hom dui die resultaat "aan of 'n bedryf, relatief tot die groter geheel, beter presteer het (+) of swakker presteer het (-)."

'n Tweede tegniek wat gebruik kan word, is volgens Pretorius (1993,20) evaluering deur middel van sogenaamde vestigingskoëffisiënte (VK's). Hierdie entiteit word volgens dieselfde navorser beskryf "*as 'n direkte metode om die ekonomiese basis van 'n gebied te bepaal.*" Pretorius voer ook aan dat "*die metode veronderstel dat 'n plaaslike ekonomie wat in 'n bepaalde bedryf spesialiseer, na markte buite die grense uitvoer. Ten einde selfversorgend te wees, behoort die proporsionele indiensnemingsyfer van 'n betrokke bedryf in 'n streek of gebied dieselfde te wees as die proporsionele nasionale indiensnemingsyfer. Prakties gesproke kom dit daarop neer dat 'n bedryf met 'n VK groter as een, 'n surplus produseer*"

3.1 Ekonomiese en ander indikatore

STREEK C	SASOLBURG
1. Landbou se bydrae tot die BGP toon 'n geringe verbetering vanaf 1970 (11,2%) tot 15,5% in 1990 en word so die derde belangrikste bydraer tot die BGP naas die 17,6% van die Dienstesektor. 2. Mynbou se bydrae daal betekenisvol vanaf 59% in 1970 tot 28% in 1990. 3. Die bydrae van Fabriekswese tot die BGP het bestendig gegroei vanaf 3,9% in 1970, 5,3% in 1980 en 6,2% in 1990, maar die tempo waarteen die verhoudelike bydrae in reële terme gegroei het vanaf 1970 tot 1990, is aansienlik kleiner as dié van Handel en Finansiële Dienste. Laasgenoemde het met 319% toegeneem gedurende dieselfde periode. 4. In terme van die verandering in die persentuele bydrae van die verskillende sektore tot die BGP van Streek C vanaf 1985 tot 1990, was daar ook opvallende inter-sektorale verskille. 5. Bewyse is gevind van differensiële verskuiwings in ekonomiese aktiwiteite binne die streek, relatief tot veranderinge binne die streek self sowel as in verhouding tot die res van die land (Pretorius, 1993). 'n Ontleding van die differensiële verskuiwing van Streek C soos gedefinieer, toon die volgende:	1. Sasolburg ervaar 'n betekenisvolle toename in sy reële BGP vanaf 1984 tot 1988 (SSD, 1993). 2. Sektorale bydraes tot die reële BGP van die distrik toon interessante kenmerke: ⇒ Fabriekswese se bydrae styg met 20% vanaf 1984 tot 1988, maar dié sektor se relatiewe bydrae tot die totale BGP neem met nagenoeg 16% af vanaf 65% tot 55%. ⇒ Bogenoemde verswakking in die relatiewe aandeel van Fabriekswese tot die totaal, is onder andere die gevolg van 'n geweldige toename in die bydrae van die landbou en die Elektrisiteit-sektor en dié van die Mynbou. ⇒ Fabriekswese domineer egter in monetêre terme as skepper van BGP vir Sasolburg. 4. Sasolburg se verskillende sektore van die ekonomie dra wisselend by tot die distrik se BGP, wat veral die effek van se kwesbaarheid van die distrik van die periodieke droogtes blootlê. 5. Met verwysing na differensiële verskuiwings gedurende die periode 1980-1985, vaar Sasolburg swakker as die gemiddelde vir die RSA. Net Handel en Vervoer vaar beter as die gemiddelde vir die RSA. Fabriekswese het veral swak presteer. Die differensiële verskuiwing (verskuiwing as gevolg van plaaslike faktore) was - 2461 (Pretorius, 1993).

Periode 1980-1985: Met die uitsondering van Mynbou het Streek C uiters swak gevaar teenoor die res van die land (Pretorius, 1993). Hierdie waarneming word ondersteun deur OBSA (1991, 71).

STREEK C

SASOLBURG

Periode 1985-1991: Slegs Handel en Dienste presteer swakker as die groter geheel (die RSA) met Mynbou wat die grootste verbetering het in vergelyking met die voorafgaande tydperk. Fabriekswese presteer vergelykbaar beter as in die voorafgaande tydperk. Al hierdie positiewe verandering lei tot algehele verbetering in die Totaal vir Streek C.

6. Wat die totale posisie (waarin plaaslike faktore sowel as die bedryfsamestelling verreken word) aanbetref, die volgende:

Periode 1980-1985: Streek C het aansienlik swakker (-109085) as die gemiddelde vir die land presteer. Dié swak prestasie is veral die gevolg van plaaslike faktore (-90757), gekomplimenteer deur die bedryfsamestelling (-18328).

Periode 1985-1991: Streek C het gedurende die tydperk betekenisvol verbeter en aansienlik beter presteer as die gemiddelde van die land (66608). Hierdie geweldige verbetering is veral die gevolg van 'n verbetering in plaaslike faktore terwyl die ongunstige bedryfsamestelling (-2707) relatief tot die gemiddelde vir die RSA weglaatbaar klein is.

7. Oneweredige inter-sektor groeipatrone die afgelope twee dekades, het aanleiding daartoe gegee dat die ekonomiese struktuur/basis van die ekonomie van Streek C verander het en nog steeds in 'n proses van verandering is (OBSA, 1991).

6. Word die totale posisie verreken, d.w.s. dié van plaaslike faktore en die bedryfsamestelling, bewys Pretorius (1993) die volgende:

Periode 1980-1985: Sasolburg vaar heelwat swakker (-5176) as die gemiddelde van die land. Dit is veral die plaaslike faktore wat hiervoor verantwoordelik was (-5208), terwyl die bedryfsamestelling 'n geringe positiewe impak gehad het.

Periode 1985-1991: Die situasie verbeter en Sasolburg vaar beter as die gemiddelde vir die land. Dit is veral gunstige plaaslike faktore wat hiertoe bydra (+2190), teenoor 'n ongunstige bedryfsamestelling (-1243) wat vertragend ingewerk het op Sasolburg se herstel. Sasolburg was gedurende die periode 1985 tot 1991 een van slegs 11 landdrosdistrikte uit die 50 in Streek C wat positiewe verskuiwing beleef het (Pretorius, 1993).

STREEK C

SASOLBURG

8. Die BGP (slegs die Persoonlike Inkomste) per capita vir Streek C (R5333) was in 1988 12,2% minder as die R5980 van die RSA in die geheel.
9. In terme van persentuele verdeling van die ekonomies bedrywige bevolking in Streek C, was die Dienstesektor in 1991 die belangrikste, (39,32%) gevolg deur die 19,65% van Landbou. Die Elektrisiteitsektor was die kleinste (0,96%) gevolg deur Mynbou met 2,58%. 'n Beduidend lae persentasie van die ekonomiesbedrywige bevolking, naamlik 7,24% was in Streek C se Fabriekswesesektor betrokke.
10. Wat vestigingskoëffisiënte (VK's) aanbetref van Streek C in die geheel, is die volgende belangrik:
 - 42 van die 50 landdrosdistrikte het positiewe VK's ten opsigte van Landbou gehad in 1991, wat dui op produksie vir die "uitvoermark".
 - Slegs 8 landdrosdistrikte (wat met die uitsondering van Koffiefontein basies die Vrystaatse Goudveld behels) het positiewe VK's ten opsigte van Mynbou gehad.
8. Sasolburg se BGP per kapita soos gemeet aan die hand van Persoonlike Inkomste is met R24110 bykans 2 keer so groot soos dié van Streek C en 4 keer meer as dié van die RSA in die geheel (Pretorius, 1993). Sasolburg is onteenseglik een van die rykste landdrosdistrikte soos gemeet aan die hand van die BGP per capita (Pretorius, 1993). In terme van totale Persoonlike Inkomste is Sasolburg egter in die derde plek naas Welkom en Bloemfontein.
9. Die Fabriekswesesektor van Sasolburg betrek 32,23% van die ekonomies bedrywige bevolking, gevolg deur 28,52% in die Dienstesektor en 10,69% in die Mynbousektor. Die Landbousektor (die primêre sektor) is relatief swak verteenwoordig en met 5,63% betekenisvol laer as die ooreenstemmende syfer vir die hele Streek C. Hierdie toedrag van sake onderstreep die industriële "mondigheid" van Sasolburg.
10. Wat die VK's van Sasolburg aanbetref, verbeter dié van Landbou vanaf 1980 tot 1991 vanaf 0,31 tot 0,42. Mynbou bly positief gedurende dieselfde periode maar teen 'n daling van 1,62 in 1980 tot 1,16 in 1991. Fabriekswese bly positief en min of meer konstant op onderskeidelik 2,06 en 2,07 gedurende 1980 en 1991. Elektrisiteit verloor baie van sy vermoë en toon die grootste daling vanaf 7,31 in 1980 tot 4,99 in 1991, maar het nietemin die grootste positiewe VK van al die dorpe in die OVS. Vir die res van die sektore is die VK's minder as 1.

STREEK C

SASOLBURG

- Slegs 2 ander landdrosdistrikte (Parys en Botshabelo) het naas Sasolburg positiewe VK's ten opsigte van Fabriekswese gehad.

4. 'N EVALUERING VAN DIE MATE WAARTOE DIE INDELING VAN SASOLBURG BY DIE VOORGESTELDE PWV-STREEK VOLDOEN AAN DIE NORME/MAATSTAWWE VAN KAS

4.1 'n Oorsigtelike perspektief

Die hipotetiese uitgangspunt alhier gaan wees dat daar aan bykans nie een van die norme soos ontwikkel deur KAS, voldoen word, sou Sasolburg in die PWV-streek bly soos voorgestel deur KAS, nie. Daar gaan vervolgens argumenteer word dat die voorgestelde plasing neerkom op 'n verwarring van die betekenis van streeksgrense. Huidige funksionele interafhanklikhede tussen Sasolburg en die gebiede aangrensend noord van die Vaalrivier hoef geensins in gedrang te kom sou Sasolburg nie deel word van die Vaaldriehoek nie. 'n Standpunt tot die teendeel verontagsaam die toepassing van wat ook bekend staan as "sagte grense" en sien inderdaad grense tussen streke as in ooreenstemming met grense vir onafhanklike lande.

'n Ontleding van die persentuele bydrae van Sasolburg tot die BGP van 'n sogenaamde Vaaldriehoek-streek, waarby ingesluit is Sasolburg, Vereeniging en Vanderbijlpark toon dat Sasolburg tegnies 'n oorheersende rol speel. Bewyse vir hierdie stelling is onder andere die volgende:

- Terwyl die Primêre Sektore se relatiewe bydrae tot die BGP van die Vaaldriehoek proporsioneel afneem vanaf 1984 tot 1988, neem dié van Sasolburg toe. Trouens, die toename in nominale bydrae van Sasolburg se BGP met oorsprong die Primêre Sektore van 231%, was grootliks verantwoordelik daarvoor dat die BGP uit die Primêre Sektore vir geheel die Vaaldriehoek met 26% kon toeneem gedurende die tydperk 1984 tot 1988.
- Wat Fabriekswese aanbetref, het Sasolburg se BGP uit die sektor toegeneem met 117% gedurende die tydperk 1984 tot 1988 en word so net geklop deur Vanderbijlpark. Waar laasgenoemde se proporsionele bydrae tot die Vaaldriehoek se Totale BGP uit die Fabriekswesesektor dieselfde gebly het van 1984 tot 1988, naamlik 45%, neem dié van Sasolburg matig toe van 28% tot 30%. Die ooreenstemmende syfer vir Vereeniging daal met 2% van 1984 se 27% tot 25% in 1988.
- Wat Tersiêre sektore aanbetref, domineer Vereeniging in term van persentuele bydrae tot die betrokke sektore se Totale BGP van die

Vaaldriehoek. Dit is egter net in die geval van Sasolburg wat daar oorwegend 'n verhoging was in persentuele bydrae vanaf 1984 tot 1988.

- Wat Totale BGP per landdrostdistrik aanbetref, is daar duidelike bewys dat dit hoofsaaklik Sasolburg se reële groei vanaf 1984 tot 1988 (9,5%) was wat daarvoor verantwoordelik was dat die Vaaldriehoek se reële BGP met net minder as 3% per jaar kon groei. (Verwerk uit die Bos-verslag)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Sasolburg bepaald 'n ankerrol te speel het, sou dit inskakel by 'n sogenaamde Vaaldriehoek-streek. Vergelykender wys sal Sasolburg egter "verdwyn" indien sy bydrae tot die BGP van 'n groter PWV-streek op 'n soortgelyke wyse ontleed word.

4.2 'n Normatiewe ontleding van die plasing van Sasolburg

Vervolgens 'n evaluering van die mate waartoe Sasolburg per maatstaf van KAS geplaas behoort te word.

NORM 1
Historiese grense
ingesluit provin-
siale grense,
landdrostdistrik-
grense en infra-
struktuur

1. Afdoende bewys bestaan dat Sasolburg administratief resorteer onder die huidige Provinsiale Administrasie en aldus bedryf en bestuur word vanuit Bloemfontein.
2. Provinsiale grense is duidelik afgebaken en is trouens uniek in die vorm van die Vaalriver (OVS-Provinsiale Administrasie, 1993).
3. Die huidige plaaslike regeringsbestuur val in by die bestaande administratiewe grense (SDRNOVS, 1993).

NORM 2
Administratiewe
oorwegings
waarby ingesluit
is die beskik-
baarheid van
infra-strukture
en nodale punte.

1. Sasolburg is tans die administratiewe hoofsentrum van die Noord-OVS.
2. Hierdie sentraliteit word tans benut deur die mense van die streek, nie net vir administratiewe doeleindes nie, maar ook om kulturele redes.
3. Die skakeling tussen Sasolburg en sy omland kan verder uitgebrei word, mits Sasolburg se administratiewe beheerstruktuur kan voortbestaan binne die Vrystaat.
4. Daar bestaan egter 'n betekenisvolle interverwantskap tussen Sasolburg en ander dorpe van die Vaaldriehoek op vele terreine.
5. Sasolburg is intensief betrokke by infra-strukturele aktiwiteite van omliggende dorpe. 'n Onttrekking van Sasolburg aan hierdie strukture sal 'n ernstige vakuum veroorsaak wat noodwendig kan lei tot 'n totale ineenstorting van bestaande inisiatiewe. (Vergelyk die voorlegging van die SDRNOVS, 1993).

NORM 2
Administratiewe
oorwegings
waarby ingesluit
is die beskik-
baarheid van
infra-strukture
en nodale punte.

6. Sasolburg fasiliteer die doeltreffende funksionering van die SDRNOVS in terme van die volgende:
 - dit is die hoofsetel van hierdie SDR; en
 - dit tree as hoofagent op vir hierdie SDR.
7. Indien Sasolburg dié verbintenis met die SDRNOVS moet verloor as gevolg van die feit dat Sasolburg nie in die Vrystaat geplaas word nie, kan die volgende as nadele aangestip word:
 - SDRNOVS sal 'n ander hoofsetel moet vind;
 - Sasolburg verloor 'n belangrike huurder en gemeenskaplike betrokkenheid ten opsigte van infrastruktuurskepping;
 - Dit kan lei tot personeelvermindering omdat Sasolburg Stadsraad tans sekere dienste lewer in samewerking met die betrokke SDR.
8. 'n Besondere vennootskap tussen Sasolburg en die SDRNOVS sal met die verskuiwing van SDRNOVS uit Sasolburg, sal tot niet gaan met 'n algehele negatiewe impak op die bedieningsvermoë van die SDRNOVS. Hierdie verbreking van 'n besondere vennootskap en die gevolglike hervestiging van SDRNOVS in 'n ander dorp kan kosteverhogende implikasies hê vir die bedieningsgebied en wel in die sin dat SDR-heffings verhoog kan word om te vergoed vir die verskuiwing sowel as die verlies aan inkomste uit Sasolburg. Sasolburg is die belangrikste bron van heffingsinkomste vir SDRNOVS.

GEVOLGTREKKING 1

'n Objektiewe evaluering hier, dui onteenseglik daarop dat Sasolburg tuis behoort by die Vrystaat vanweë Sasolburg se dinamiese betrokkenheid by infrastruktuur skepping en instandhouding. Sasolburg is die bastion van administratiewe bestendigheid in die gebied.

NORM 3
Die behoefte aan
rasionalisering
van strukture.

1. Indien Sasolburg by die PWV-streek sou inskakel in 'n nuwe streeksbedeling, en gegewe die huidige ontwikkelingstatus en gevestigheid van administratiewe en fisiese infra-struktuur waarby Sasolburg tans betrokke is en die leiding neem, kan dit selfs lei tot 'n onnodige duplisering van verskillende fasiliteite.
2. Sasolburg is vanweë sy tipiese nywerheidsaktiwiteite ongelukkig bydraer tot ekologiese versteuring as gevolg van besoedeling, ens. Inmiddels is Sasolburg en sy nywerhede aktief en dinamies betrokke by regstellende aksies. Inspraak in hierdie aksies word ook verleen aan van die "slagoffers" van dié praktyke. Indien Sasolburg nie in die Vrystaatstreek, waar die effek van die Sasolburg nywerhede die meeste is, ingedeel word nie, kan dit kosteverhogende implikasies hê vir die agtergeblewe gebiede/dorpe.

GEVOLGTREKKING 2

Indien Sasolburg nie by die Vrystaatstreek geplaas word nie, kan sekere infra-strukture gedupliseer word wat aldus kosteverhogende implikasies vir die agtergeblewe gebiede inhou.

NORM 4
Die nodigheid
aldan nie om
kostes te beperk.

NORM 6
Die behoefte aan
'n verskuiwing
van dienste.

Die evaluering van hierdie norme behoort saamgelees te word met dié van Norm 3. Aanvullende bewyse vir die potensiële negatiewe impak wat die nie-toepassing van dié norm het of kan hê en as gevolg waarvan Sasolburg dan by die PWV-gebied/streek gaan bly, is nie nodig nie. Die rede daarvoor is omdat daar eintlik geen argumente tot die teendeel is nie.

GEVOLGTREKKING 3

Daar bestaan geen gronde waarop Sasolburg aan die hand van hierdie twee norme, nie by die Vrystaatstreek ingedeel moet word nie.

NORM 5

Die behoefte om ongerief van die mense betrokke te minimaliseer.

1. Pendel tussen Sasolburg en omliggende dorpe is 'n ekonomiese realiteit en is 'n praktyk wat ooreenstem met bestaande pendelpatrone in die PWV-gebied.
2. Vanweë 'n verskuiwing in die ekonomiese struktuur van die Noord-Vrystaat en wat ook as tydelik van aard gesien kan word, word werknemers verplig om te pendel.
3. Sasolburg sal na verwagting 'n toenemende trekaksie in hierdie verband uitoefen, veral as die ontwikkelingspotensiaal van die gebied in ag geneem word.

GEVOLGTREKKING 4

Alhoewel erkenning verleen word aan die feit dat bestaande inwoners van Sasolburg vir werksdoeleindes tussen Sasolburg en die Vaaldriehoek moet pendel, is dit nie genoeg rede om Sasolburg in te deel by die PWV-streek nie. Pendel is 'n ekonomiese realiteit. Sasolburg behoort tegnies en vanweë sy potensiaal vir eko-toerisme inderwaarheid in 'n voorkeur woongebied te ontwikkel.

**NORM 7 EN
NORM 10
Demografiese
oorwegings.**

1. Sasolburg se taal en etniese verdeling korrespondeer uitstekend met die van Streek C in die geheel, maar in besonder met dié van Beplanningstreek 30 (PAO, 1993).
2. Die Suid-Sotho groep is in die meerderheid, gevolg deur Blankes.
3. Die verstedelingsvlak van Sasolburg is verteenwoordigend van Streek C, maar beslis laer as dié van die PWV-gebied.

GEVOLGTREKKING 5

Die demografie van Sasolburg is waarskynlik meer in lyn met dié van gebiede suid van hom as wat die geval is met die PWV-gebied.

NORM 8
Ekonomiese oor-
wegings.

NORM 9
Ontwikkelings
moontlikhede.

1. KAS onderskei tussen ekonomiese funksionaliteit en ekonomiese lewensvatbaarheid.
2. Sasolburg het sterk ekonomies-funksionele skakeling met veral die Vaaldriehoek en dan by implikasie ook met die PWV-area.
3. Hierdie funksionele skakeling hoef geensins 'n negatiewe impak op die ekonomiese lewensvatbaarheid van Sasolburg te hê nie.
4. Sasolburg se ekonomiese basis moet uitgebrei word om sy komplementariteit met sy omland, veral die landbou te versterk.
5. Navorsing deur OBSA (1991) dui daarop dat die substreek (C3) van Streek C waaraan Sasolburg grens, landbou as die belangrikste bydraer tot die BGP het. Volop meriete bestaan dus vir die vestiging van toepaslike agro-nywerhede in Sasolburg.
6. Sasolburg is verantwoordelik vir meer as 65% van die inkomste van die SDRNOVS. Die onttrekking van Sasolburg sal 'n leemte laat wat die totale infra-struktuur en werk van die SDR in duie kan laat stort.
7. Sasolburg vul die ekonomiese vermoë van Streek C aan.
8. Op grond van 1988 syfers en gemeet aan die BGP per capita, was Sasolburg die mees gegoede landboudistrik in die Oranje-Vrystaat.
9. Die reeds lae BGP per capita in die Oranje-Vrystaat sal met uitskakeling van Sasolburg, met 15% daal.
10. Alhoewel fiskale onafhanklikheid van streke tans nog onderhandelbaar is, sal die plasing van Sasolburg buite die Vrystaat, die streek se vermoë tot fiskale onafhanklikheid, in elk geval ernstig belemmer indien nie uitwis nie.
11. Sasolburg openbaar sterk groei moontlikhede op die gebied van mynweese, fabriekswese en elektrisiteit vanweë die betekenisvolle verbetering in die vestigingskoëffisiënte vanaf 1980 tot 1991.

NORM 8
Ekonomiese oor-
wegings.

NORM 9
Ontwikkelings
moontlikhede.

12. Sasolburg se ekonomiese basis is reeds bevordelik vir nywerheidsontwikkeling. Volgens die 1991 sensus is dit die dorp in die Oranje-Vrystaat waarvan die meeste van die ekonomies-aktiewe bevolking in die nywerheidswese is (32,23%).
13. Gegewe 'n bewese kultuur van nywerheidsontwikkeling in Sasolburg, is dit die aangewese punt vir enige aansporing tot nywerheidsvestiging wat vanaf die staat mag kom.
14. Sasolburg word uitstekend bedien in terme van hoofroetes. As sodanig kan dit ontwikkel tot 'n natuurlike "hawe" vir 'n sentrale streek.
15. Sasolburg is sodanig geleë dat dit hom uitstekend leen tot die vestiging van 'n "export processing zone" en om sodoende sy onmisbaarheid tot die Vrystaatstreek te verhoog.
16. Sasolburg is tans die enigste dorp in die provinsie wat tans beskik oor insentiewe soos agglomerasie-voordele en ekonomieë van skaal.

GEVOLGTREKKING 6

Sasolburg het ontwikkel as 'n nywerheidsreus. Die huidige nywerheidsbasis behoort uitgebrei te word deur veral gebruik te maak van die bestaande kundigheid waaroor Sasolburg reeds beskik. Dit sou ekonomies onverantwoordelik wees vir enige toekomstige regering om nywerheidsontwikkeling op enige ander dorp in die Vrystaat aan te moedig, aangesien sulke nywerhede slegs deur owerheidshulp lewensvatbaar kan bly (Pretorius, 1993).

Sasolburg is van uiterste (ekonomiese) lewensbelang vir die voorgestelde Vrystaatstreek. Die nadele wat die indeling van Sasolburg by die PWV-gebied vir die Vrystaat sal inhou, is groter as die voordele wat dit vir die PWV-gebied/streek kan inhou. Indeling by die PWV-gebied sal hoofsaaklik gebaseer word op bestaande ekonomiese funksionaliteite, terwyl die ekonomiese lewensvatbaarheid van die PWV-streek slegs marginaal daardeur versterk kan word. Die PWV-streek is reeds ekonomies een van die sterkste in die land. Die voorgestelde indeling van die PWV-streek is gedoen op grond van die aanvanklike opvatting dat die Vaaldriehoek 'n eie onafhanklike streek kon word en Sasolburg aldus 'n belangrike rol aldaar te speel het. Op grond van die feit dat Sasolburg se weglating uit die Vrystaatstreek die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Vrystaatstreek, ernstig in gedrang kan bring, kan daar nie anders nie as om te sê dat dié norm nie korrek toegepas is nie.

5. ANDER OORWEGINGS WAT TEGNIES NIE ONDER 'N ENKELE NORM HANTEER KAN WORD NIE.

Die Stadsraad van Sasolburg handhaaf 'n konsultatiewe verhouding met sy mense. In terme van die voorgestelde indeling van Sasolburg by die PWV-streek is die Sasolburg publiek skriftelik uitgenooi om hulle standpunt oor hierdie saak te stel. Verder het die georganiseerde sakelewe en nywerhede by wyse van die Sasolburgse Afrikaanse Sakekamer 'n gespreksforum gereël waartydens sakelui hulle mening oor die voorgestelde indeling van Sasolburg kon lug.

Die aanvanklike terugvoer van die Sasolburg publiek was stadig, maar diegene ten gunste van 'n indeling van Sasolburg by die Vrystaat, is met 'n baie groot marge in die meerderheid. Die georganiseerde handel en nywerhede, soos verteenwoordig tydens bogenoemde gespreksforum, is verdeel ten opsigte van waar Sasolburg ingedeel behoort te word.

Dit is die standpunt van die Stadsraad van Sasolburg dat hulle Sasolburg as deel van 'n Vrystaatstreek wil sien en nie as deel van die PWV-streek nie.

Beide die georganiseerde handel en nywerheid op Sasolburg sowel as die Stadsraad huldig egter die mening dat hulle Sasolburg logieserwys as deel van die Vaaldriehoek sien, mits die Vaaldriehoek 'n eie onafhanklike streek kan wees. Daar is verder ook sterk steun vanuit hierdie groepe vir 'n indeling van Sasolburg by die Vaaldriehoek en om die Vaaldriehoek deel te maak van 'n Vrystaatstreek.

6. OORHOOFSE GEVOLGTREKKING

'n Per saldo siening van die meriete oor waar Sasolburg ingedeel kan word dui ondubbelsinnig daarop dat Sasolburg tuishoort in 'n Vrystaatstreek. Sasolburg se voorgestelde indeling by die PWV-streek sal die welvaart van so 'n streek, wat in alle opsigte die "rykste" streek in die land is, net verder versterk. 'n Indeling van Sasolburg by die PWV-streek sal die toekomstige fiskale/ekonomiese onafhanklikheid van 'n Vrystaatstreek negatief beïnvloed.

Die indeling van Sasolburg by 'n Vrystaatstreek sal die regeerbaarheid van so 'n streek aansienlik verbeter aangesien die ekonomiese basis van so 'n streek nie net meer gedifferensieerd kan wees nie, maar ook omdat die ekonomiese ontwikkelingspeil van die streek in die geheel verhoog kan word.


Laastens word 'n indeling van Sasolburg in 'n Vrystaatstreek, 'n meer normale herverdeling van die reeds hoë vlak van "rykdom" wat in die PWV-streek setel, ten minste moontlik gemaak. Alternatiewelik sal die PWV-streek in elk geval verantwoordelik gehou kan word vir subsidiëring van ander minder "gegoede" streke omdat baie van die huidige finansiële beskikkingsmag waaroor die PWV-gebied beskik, in elk geval die gevolg is van 'n verkeerde ekonomiese beleid in die verlede. Deur Sasolburg "beskikbaar" te maak vir 'n Vrystaatstreek kan 'n "goedkoper" metode van herverdeling van die PWV-gebied se welvaart wees as om later 'n agtergeblewe Vrystaatstreek fisikaal te subsidieër omdat die Vrystaatstreek ontnem is van sy ekonomiese vermoë.

In hierdie verband moet daar altyd onthou word dat die ekonomiese status van Streek C nie net toegeskryf kan word aan die inherente vermoë van die streek nie. Tradisioneel het nywerheidsvestiging soos agro-nywerhede buite die grense van die huidige Streek C plaasgevind as gevolg van die nywerheidsvestigingsbeleid van die regering van die dag. Daardeur is Streek C grotendeels ontnem van 'n potensiaal vir ekonomiese onafhanklikheid.

7. OPSOMMING

Afdoende bewys bestaan vir die afleiding dat die voorgestelde Vrystaatstreek aansienlik benadeel sal word indien Sasolburg aan 'n PWV-streek afgestaan moet word. Met die uitsondering van ekonomiese funksionaliteit, is daar geen gronde vir die indeling van Sasolburg by die PWV-streek nie, aldus die norme wat deur KAS ontwikkel en toegepas is. Sasolburg is vanweë sy ligging, sy ekonomie, sy demografie en veral sy potensiaal onontbeerlik vir die Vrystaat indien laasgenoemde enigsens ekonomies selfstandig wil wees. Met hierdie erkenning word daar egter nie veronderstel dat Sasolburg deur sy assosiasie met die relatief agtergeblewe Vrystaatstreek, ook sal verarm nie. Sasolburg behoort sodanig gestimuleer te word op die gebied van nuwe nywerheidsontwikkeling dat geheel die welvaart van sy direkte omland en die streek in die geheel daarby sal baat.

—oOo—



J.M. Laubscher
Konsulterende Ekonoom
Cleggsingel 8
Universitas, 9322
Tel: 051-479785(w) ; 051-227802(h)
Faks: 051-478285
September 1993

BRONNE GERAADPLEEG

1. BOS D.J. (1993). *Positioning of the Vaal Triangle within Regional Context*. Institute for Planning & Development. PU for CHE.
2. CROESER, G EN CROESER H (1993). "Die haalbaarheid van fiskale onafhanklikheid van streek- en plaaslikeregering in 'n nuwe Suid-Afrika". Voordrag aan die Bloemfontein Afrikaanse Sakekamer en die OFS Chamber of Business, Bloemfontein.
3. DIREKTORAAT VAN LANDBOU-INLIGTING (1993). *Kortbegrip van Landboustatistieke*. Pretoria.
4. LAUBSCHER, J M (1991). *Die Agro-nywerheid Streek C*. Departement Landbou-ekonomie, UOVS, Bloemfontein.
5. NOORD-VRYSTAAT STREEKDIENTERAAD (SDRNOVS) (1993). Ongepubliseerde kommentaar op *Die Verslag van die Kommissie vir Streeksafbakening*.
6. ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA, SENTRUM VIR INLIGTINGSONTLEDING (1991). *South Africa: An inter-regional profile*. Midrand.
7. ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA, SENTRUM VIR INLIGTINGSONTLEDING (1991). *Economic and social memorandum: Region C*. Midrand.
8. PRETORIUS, C J (1993). "Die Ekonomie van Sasolburg", Ongepubliseerde Navorsingsverslag, ISEN, Bloemfontein.
9. PROVINSIALE ADMINISTRASIE ORANJE-VRYSTAAT (1993). *Streeksafbakening vir 'n sentrale deelstaat in 'n nuwe staatkundige bedeling vanuit 'n OVS-Provinsiale Administrasie Perspektief*. Bloemfontein.
10. REPORT OF THE COMMISSION ON THE DEMARCATION /DELIMINATION OF SPR's, 31 JULY 1993.
11. STADSRAAD SASOLBURG, AFDELING STADSBEPLANNING (1992). *Nywerheidsondersoek (Vertroulik)*. Sasolburg.
12. STADSRAAD, SASOLBURG (1993). Ongepubliseerde memoranda.
13. SENTRALE STATISTIEKDIENS (1993). *Statistiese Nuusbrief P0401: Bruto Geografiese Produk teen faktorinkomste volgens soort ekonomiese bedrywigheid en landdrosdistrik, 1988*. Pretoria.
14. SOAK STREEK C (1993). "Die SOAK se kommentaar op die voorgestelde afbakening van streekgrense deur die afbakeningskommissie met verdere

- 'N EKONOMIESE PERSPEKTIEF OP DIE PLASING VAN SASOLBURG -

vertoë en motiverings vir die daarstel van 'n Sentrale Deelstaat".
Bloemfontein.

15. VAALDRIEHOEKSE TECHNIKON (1988). *Verbruikersopname om inkomste- en bestedingspatrone in Sasolburg te bepaal*. Opname en Verslag deur J K van Dyk, Projekleier, Vanderbijlpark.

oooOooo

